

## Graan SA Weeklikse Oliesademerkverslag

Wessel Lemmer en Luzelle Botha

|  | DATUM             | DATUM                 |       |            | + - WEEK GELEDE   |                   | + - MAAND GELEDE |                   | + - JAAR GELEDE |         |
|--|-------------------|-----------------------|-------|------------|---|-------------------|------------------|-------------------|-----------------|---------|
|  | 2014/07/28        | 2014/07/25            |       |            | 2014/07/21  |                   | 2014/06/30       |                   | 2013/07/29      |         |
|  | Data              | Δ                     | Δ%    | Data       | Δ%  | Data              | Δ%               | Data              | Δ%              | Data    |
| Brent \$/vat (Jun)   | 107.81            | -0.32                 | -0.3% | 108.13     | 0%  | 107.30            | -4%              | 112.32            | 1%              | 106.69  |
| 1 US\$: ? ZAR  | 10.50             | -0.040                | -0.4% | 10.54      | -1%   | 10.65             | -1%              | 10.64             | 7%              | 9.80    |
| ΔCBOT 8vm : 12nm*  | R 1 512.91        | 21                    | 1.4%  | R 1 491.70 | * CBOT Sep sent/skepel +-08:00 vandag vs CBOT Corn Sep +-12:00 die vorige dag |                   |                  |                   |                 |         |
| ΔCBOT 8vm : 12nm*  | R 4 707.83        | 57                    | 1.2%  | R 4 651.22 | * CBOT Sep sent/skepel +-08:00 vandag vs CBOT Sep Jul +-12:00 die vorige dag  |                   |                  |                   |                 |         |
| ΔCBOT 8vm : 12nm*  | R 2 083.37        | 37                    | 1.8%  | R 2 046.77 | * CBOT Sep sent/skepel +-08:00 vandag vs CBOT Sep Jul +-12:00 die vorige dag  |                   |                  |                   |                 |         |
| Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)                             |                   |                       |       |            |   |                   |                  |                   |                 |         |
| Corn Spot  | 366.00            | 6.50                  | 1.8%  | 359.50     | 0%  | 366.75            | -14%             | 424.25            | -25%            | 490.25  |
| Soybean Spot   | 1220.25           | 19.25                 | 1.6%  | 1201.00    | 4%  | 1174.00           | -13%             | 1400.50           | 1%              | 1208.00 |
| Wheat Spot   | 540.00            | 11.50                 | 2.2%  | 528.50     | -2%   | 553.75            | -4%              | 564.75            | -20%            | 678.00  |
| Jongste sluitingspryse of (indien nie verhandel het nie) die MTM-prys (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag <i>SPOT = naaste kontrakmaand</i> ) |                   |                       |       |            |   |                   |                  |                   |                 |         |
| SORGHUM Sep 14   | 2495              | 45                    | 1.8%  | 2450       | 2%  | 2450              | 3%               | 2430              | NA              | NA      |
| WMAZ SPOT  | 1705              | -10                   | -0.6% | 1715       | 1%  | 1694              | -5%              | 1792              | -27%            | 2340    |
| YMAZ SPOT  | 1781              | -10                   | -0.6% | 1791       | 0%  | 1775              | -7%              | 1906              | -17%            | 2155    |
| SOY50 SPOT   | 5078              | 110                   | 2.2%  | 4968       | 1%  | 5048              | -8%              | 5498              | 4%              | 4900    |
| SUN SPOT   | 4400              | -50                   | -1.1% | 4450       | -5%   | 4563              | -8%              | 4766              | -14%            | 5100    |
| WHEAT Dec 14   | 3550              | 5                     | 0.1%  | 3545       | 0%  | 3545              | -2%              | 3610              | NA              | NA      |
| <b>OLIESADE</b>  | <b>2014/07/24</b> | <b>Bron: Oilworld</b> |       |            | <b>2014/07/17</b>   | <b>Junie 2014</b> |                  | <b>Julie 2013</b> |                 |         |
| Soja-olie Arg FOB  | 863               |                       |       |            | 0.7%  | 857               | -2.0%            | 881               | -2.0%           | 881     |
| Soja-pille Arg FOB   | 462               |                       |       |            | 3.6%  | 446               | -9.9%            | 513               | -13.2%          | 532     |
| Sojabone Brazilië  | 551               |                       |       |            | 2.8%  | 536               | -3.5%            | 571               | -2.8%           | 567     |
| Soja Persmarge   | 431               |                       |       |            | -40.3%  | 722               | -58.6%           | 1042              |                 |         |
| VSA Runner 40/50   | 1260              |                       |       |            | 0.0%  | 1260              | 2.6%             | 1228              | -9.2%           | 1388    |
| Sonolie Arg FOB  | 960               |                       |       |            | -1.0%   | 970               | -1.5%            | 975               | -15.7%          | 1139    |
| Sonolie Ssee FOB   | 825               |                       |       |            | -1.2%   | 835               | -4.0%            | 859               | -24.7%          | 1095    |
| Sonneblom SS   | 380               |                       |       |            | -2.6%   | 390               | -21.2%           | 482               | -13.2%          | 438     |
| Raapsaad EU cif  | 431               |                       |       |            | 0.5%  | 429               | -16.8%           | 518               | -12.4%          | 492     |
| Palmk olie Mal EU  | 1090              |                       |       |            | 2.3%  | 1065              | -11.7%           | 1234              | 30.4%           | 836     |

**JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VANAF VERSKEIE MARKVERSLAE**

**Buitemarkfaktore:** Die Rand het sedert Vrydagmiddag 12:00 met 0,4% tot R10,50 versterk. VSA CBOT mieliepryse het sedert 12:00 Vrydagmiddag met 1,8% tot \$3,66/skepel gestyg. VSA CBOT sojaboonpryse het met 1,6% tot \$12,20/skepel gestyg en VSA CBOT koringpryse het met 2,2% tot \$5,40/skepel gestyg. Gebaseer op hierdie prysbewegings kan die uitvoerpariteitsprysvlak vir mielies sedert 12:00 Vrydagmiddag met R21/ton styg, die uitvoerpariteitsprysvlak vir sojabone met R57/ton styg en die invoerpariteitsprysvlak vir koring kan met R37/ton styg. VSA mieliepryse toon 'n kort termyn prys lopies. Die langer termyn fundamentele faktore en fondse wat uit die kommoditeitssektor vloei (Fondse wat kontrakte verkoop) plaas pryse steeds onder druk. **Sojabone:** Die groot ouseisoen sojaboon oliekoek verkope en uitvoere het tot knap VSA voorrade geleë. Die VSA wat 'n tradisionele uitvoerland is, het gedurende Julie 100 000 ton sojaboon oliekoek vanaf Suid-Amerika ingevoer. Dit plaas VSA invoere voorlopig op 'n beraamde rekord 230 000 ton vir die Junie - Aug 2014 periode. China het weer tot dusver 990 000 ton soja-oliekoek uitgevoer na Japan, Indonesië en Vietnam. Die laer VSA sojaboonpryse wat tot 22 Julie geduur het was deur gebruikers as 'n kooppaleis benut. Groot verwaagte nuwe seisoen soja-oliekoek en mielie voorrade word binnekort wanneer stroop 'n aanvang neem uit die VSA veruig. Goeie VSA uitvoersyfers sal nodig wees om die huidige internasionale prysvlakke te ondersteun. VSA uitvoere is egter nog nie op so 'n vlak dat dit die huidige sojaboonuitvoerprysvlakke sal ondersteun sodra die nuwe seisoen VSA sojaboon-oes beskikbaar raak nie. Dit is belangrik om daarop te let dat die kwaliteitsprobleme wat met wêreldwye koringproduksie ervaar word tot groter hoeveelhede voerkoring in die voermark kan lei. Hierdie voerkoring ding dus sterk mee in die voermark van die groot sojaboon uitvoerlande. Argentynse soja oliekoekpryse is oor die kort termyn egter ongeveer \$16/ton hoër weens beperkte sojaboon verkope deur produsente. Lae produsenteverkope het sake vir uitvoerders moeilik gemaak om aan uitvoerverpligtinge te voldoen. Tweedens was die Argentynse uitvoertempo negatief deur stakings geraak en produsente wat nie in 'n dalende mark wil verkoop nie. In die VSA blyk dit dat VSA produsente ook toenemend soos in Argentinië van silosakgeriewe gebruik begin maak om die bemaking van sojabone verder oor die bemarkingsjaar te versprei en om nie in strooptyd met oesdruk op pryse te verkoop nie. VSA produsente stoor eerder ouseisoen sojabone as om dit teen die huidige dalende pryse te verkoop. Dit lei daartoe dat ouseisoen sojaboonpryse hoër verhandel. **Persmarge vir sojabone in Suid-Afrika:** Die (na-belasting) persmarge vir sojabone in Suid-Afrika beloop ongeveer R430/ton. Graan SA het die aanduidende persmarge afwaarts aangepas omdat plaaslike oliekoek teen ingevoerde oliekoekpryse (kuspryse) tans in die markplek verkoop word. Die pluimveedrywe wat aan die kus geleë is is van die grootste verbruikers van oliekoek en voer steeds Argentynse oliekoek ten koste van plaaslik geproduseerde oliekoek in. Ons het ook die gelewerde prys van sojabone met tussen R250 en R280/ton bo die JSE Randfontein prys gelig omdat sojabone nie teen Randfonteinpryse aan die aanlegte gelewer word nie. Dit bring mee dat die persmarge van die vorige week met R292/ton laer aangepas is tot marktoestande vir plaaslike oliekoek verbeter. **Kanolapryse:** Die oesresultate in Europa is laer as verwag en het daartoe gelei dat kanolaasadpryse verbeter. In Duitsland kan die kanola-oesposes verder deur reëntoestande benadeel word. 'n Rekord oes in die EU is ten spyte hiervan steeds moontlik. Daar is tans 'n afslag van \$16/ton en \$10/ton teenoor onderskeidelik sojaboon-olie en sonneblom olie. **Sonneblomsaad:** Sonneblomoliepryse verkeer steeds in 'n dalende prystendens en Sonneblom-olie uit die Swartseestreek verkoop teen 825\$/ton. Dit is \$38/ton laer as Argentynse soja-olie.

Bronne: Graan SA, Oilworld, USDA, JSE, Fin24, CME Group

Let asb op die volgende:

Die volgende internasionale markverslae word gepubliseer: Besoek:

12 Aug: World Agricultural Supply and Demand Report

Die volgende plaaslike markverslae word gepubliseer: Besoek

Dinsdag (29/07/14): NOK-syfers (Sesde somergewasproduksieskatting)

Vir meer inligting kontak Wessel Lemmer by wessel@grainsa.co.za